Solidariteit®
Helpende Hand

DIE STUDIEFONDSSENTRUM

VERSLAG

MEI 2018

Inhoud

Wat is die Studiefondssentrum? 3
Doel van die verslag 3
Navorsingsmetode 3
Bevindinge 3
DEMOGRAFIE VAN STUDENTE 3
BESONDERHEDE VAN STUDENTE SE STUDIES 5
STUDENTE IN DIE WERKPLEK 7
Indiensneming van studente 7
Finansiële situasie van studente 10
Studente se selfvertroue in die werkplek 14
Mans teenoor vrouens 15
DIE STUDIELENING 18
Gevolgtrekking 20

Lys van grafieke

Grafiek 1 Ouderdom van studente 4
Grafiek 2 Verspreiding van studente per provinsie 4
Grafiek 3 Geslag van studente 5
Grafiek 4 Tersiêre opleiding van studente se ouers 5
Grafiek 5 Jaar waarin studies voltooi is 6
Grafiek 6 Studierigting van studente 6
Grafiek 7 Gewildste instansies vir tersiêre studies 7
Grafiek 8 Tydperk tot indiensneming 7
Grafiek 9 Werkloosheid onder studente 8
Grafiek 10 Tydperk tot indiensneming 8
Grafiek 11 Wyses waarop studente werk kry 9
Grafiek 12 Invloed van studies op indiensneming 9
Grafiek 13 Die studierigting waarin studente werk 10
Grafiek 14 Terugbetaling van studielenings 10
Grafiek 15 Gemiddelde salaris van afgestudeerde studente 11
Grafiek 16 Beginsalaris van studente 11
Grafiek 17 Huidige salaris van studente 12
Grafiek 18 Persentasie groei in salaris 12
Grafiek 19 Beginsalaris per tersiêre instansie 13
Grafiek 20 Finansiële implikasies van studies 13
Grafiek 21 Finansiële posisie van studente en ouers 14
Grafiek 22 Vlak van gemak in die werkplek 14
Grafiek 23 Vlak van gemak in die werkplek 15
Grafiek 24 Die invloed van tersiêre studies op studente se loopbane 15
Grafiek 25 Salarisverskil tussen geslagte (Rand) 16
Grafiek 26 Tydperk tot indiensneming vir mans en vrouens 16
Grafiek 27 Vlak van gemak in die werksplek vir mans en vrouens 17
Grafiek 28 Verhouding van mans tot vroue in die onderskeie studierigtings 17
Grafiek 29 Studente wat tersiêre studies aanbeveel 18
Grafiek 30 Studente wat studielenings as 'n goeie opsie beskou 18
Grafiek 31 Instansies waar studente aansoek doen om studiehulp 19
Grafiek 32 Oorsprong van fondse vir studies 19

Wat is die Studiefondssentrum?

Solidariteit Helpende Hand is ’n welsynsorganisasie geskoei op die beginsels van die Helpmekaar-beweging van 1949. Ons fokus daarop om ’n antwoord op die Afrikaner-armoedekrisis te vind deur ’n verskeidenheid projekte waarmee ons Afrikaners se armoede verlig, voorkom en verbreek.

Helpende Hand se Studiefondssentrum (SFS) help studente wat nie tersiêre studies kan bekostig nie om (deeltyds of voltyds) met ’n gedeeltelik rentevrye studielening aan enige geakkrediteerde tersiêre instelling te studeer.

Die SFS administreer tans 240 onafhanklike studiefondse ter waarde van ongeveer R164 miljoen waarmee ons vanjaar meer as 1 300 studente met rentevrye studielenings help. ’n Totaal van meer as R164 miljoen is die afgelope nege jaar in die vorm van rentevrye studielenings aan studente uitbetaal.

Doel van die verslag

Die doel van die verslag is om te bepaal of die deelnemers wat tussen 2008 en 2017 deur Helpende Hand gehelp is se lewensomstandighede en finansiële posisie intussen verbeter het. Hulle keuse van studierigtings en -instansies word ook bekyk.

Navorsingsmetode

Die navorsing het slegs gefokus op afgestudeerde studente wat studielenings by die SFS ontvang het. ’n Digitale Survey Monkey-vraelys is per e-pos na 757 studente gestuur. Die vraelys het bestaan uit 22 oop en meervoudigekeusevrae. Dit is deur 284 studente beantwoord.

Bevindinge

DEMOGRAFIE VAN STUDENTE

Die gemiddelde ouderdom van die studente was 25 jaar. Die helfte (53%) was tussen 22 en 25 jaar oud. Slegs 9% van die studente was ouer as 30.



Grafiek 1 Ouderdom van studente

Die oorwegende meerderheid studente (53%) het oorspronklik van Gauteng af gekom, terwyl 12% van die Wes-Kaap afkomstig was. Van KwaZulu-Natal en die Noord-Kaap het onderskeidelik slegs 3% en 2% gekom.



Grafiek 2 Verspreiding van studente per provinsie

Die twee geslagte was byna eweredig verdeel met 51% vroulike en 49% manlike studente.



Grafiek 3 Geslag van studente

Studente was oorwegend afkomstig uit huise waar tersiêre opleiding belangrik is. Meer as die helfte (57%) het aangedui dat hulle ouers tersiêre opleiding gehad het.



Grafiek 4 Tersiêre opleiding van studente se ouers

BESONDERHEDE VAN STUDENTE SE STUDIES

Byna 80% van die studente het hulle studies tussen 2015 en 2017 voltooi. In 2014 het 7% afstudeer en in 2013 5%. Geen studente wat in 2008 afgestudeer het, het aan die navorsing deelgeneem nie.



Grafiek 5 Jaar waarin studies voltooi is

Die gewildste studierigting was ambagte; 23% van studente het in dié rigting studeer, 17% in die geesteswetenskappe, en 14% elk in die opvoedkunde en ekonomiese en bestuurswetenskappe. Teologie en veeartsenykunde was die skaarsste studierigtings, gevolg deur informatika.



Grafiek 6 Studierigting van studente

Die universiteit waar die meeste studente (24%) met SFS-studielenings gestudeer het, is die Universiteit van Pretoria. Sol-Tech was tweede op die lys met 20% en die Noordwes-Universiteit derde met 19% terwyl Akademia slegs 1% getrek het.



Grafiek 7 Gewildste instansies vir tersiêre studies

STUDENTE IN DIE WERKPLEK

Indiensneming van studente

Van die studente wat aan die navorsing deelgeneem het, het 93% 'n werk. Meer as die helfte (52%) het reeds werk gehad voordat hulle hul studies voltooi het. 'n Verdere 26% het binne drie maande werk gekry en 9% binne ses maande. Slegs 6% van die studente het meer as ses maande lank werk gesoek.



Grafiek 8 Tydperk tot indiensneming

Van die studente wat aan die navorsing deelgeneem het, is 7% steeds op soek na werk. Hulle gemiddelde ouderdom is 23,5 jaar en 53% van hulle is manlik. Van hierdie studente het 32% in die geesteswetenskappe studeer, 26% het ekonomiese en bestuurswetenskappe studeer en 21% het 'n ambag studeer.



Grafiek 9 Werkloosheid onder studente

Die invloed wat studierigting op indiensneming het, is ook ondersoek. Gegradueerde studente met studielenings binne gemiddeld drie maande werk gekry. Veeartsenykunde- en teologie-studente is die vinnigste in diens geneem gevolg deur onderwysers en informatika-studente wat elk binne gemiddeld twee maande werk gekry het. Studente wat in die geesteswetenskappe studeer het, het die langste (5 maande) na werk gesoek.



Grafiek 10 Tydperk tot indiensneming

Die studente is gevra om te identifiseer hoe hulle werk gekry het. Familie of vriende het 33% aanbeveel vir hulle werk, 27% het gereageer op ’n advertensie en 29% het ’n internskap gedoen wat tot ’n aanstelling gelei het. Slegs 11% het deur ’n personeelagentskap gewerk.



Grafiek 11 Wyses waarop studente werk kry

Studente is daarvan oortuig dat hulle studies 'n direkte, positiewe invloed op hulle indiensneming gehad het. Van die studente het 87% aangedui dat hulle studies hulle bevoordeel het. Vir 7% het dit nie 'n duidelike invloed gehad nie en 6% is onseker.



Grafiek 12 Invloed van studies op indiensneming

Die studente is ook gevra of hulle tans werk in die rigting waarin hulle studeer het. Van die studente werk 80% in hulle studierigting, terwyl 20% aangedui het dat hulle in 'n ander rigting werk gekry het.



Grafiek 13 Die studierigting waarin studente werk

Finansiële situasie van studente

Elke student wat aan die navorsing deelgeneem het, het ’n rentevrye studielening by die SFS ontvang wat terugbetaalbaar is sodra hulle hul studies voltooi het. Ten tyde van die navorsing was meer as ’n kwart (26%) se rekenings reeds afbetaal.



Grafiek 14 Terugbetaling van studielenings

Byna die helfte (46%) van die studente se beginsalaris was tussen R5 000 en R10 000 per maand; 31% het met minder as R5 000 begin. Die oorblywende 23% verdien meer as R15 000 per maand. Die gemiddelde beginsalaris van studente was R9 292, maar ten tyde van die navorsing was die gemiddelde salaris van die studente R13 772 per maand.



Grafiek 15 Gemiddelde salaris van afgestudeerde studente

Die beroep met die hoogste beginsalaris was veeartsenykunde waar studente met R19 166 per maand begin het. Studente wat natuur- en landbouwetenskappe studeer het, het die tweede hoogste beginsalaris van gemiddeld R14 750 gehad, studente in die gesondheidswetenskappe derde hoogste met R13 125 en ingenieurs vierde hoogste met R12 031.



Grafiek 16 Beginsalaris van studente

Die huidige salaris van veeartsenykundiges is steeds die hoogste met gemiddeld R24 166 per maand. Ingenieurs is tans tweede op die lys met gemiddeld R17 343 en teoloë en ambagsmanne die laagste met onderskeidelik R10 000 en R11 311.



Grafiek 17 Huidige salaris van studente

Die studierigting wat die grootste groei getoon het vanaf beginsalaris na huidige salaris, is informatika wat met 95% gegroei het. Ekonomiese en bestuurswetenskappe het met 73% gegroei, geesteswetenskappe met 72% en ambagte met 50%. Teologie (10%) en natuur- en landbouwetenskappe (12%) se groei was die stadigste gevolg deur gesondheidswetenskappe met 24%.



Grafiek 18 Persentasie groei in salaris

Studente wat aan die Universiteit van die Vrystaat studeer het, verdien die hoogste beginsalarisse met gemiddeld R12 708 per maand, terwyl studente wat aan die Universiteit van Pretoria studeer het sowat R12 460 per maand verdien. Akademia-studente se beginsalaris is die laagste op R6 250 per maand.



Grafiek 19 Beginsalaris per tersiêre instansie

Studente is gevra of hulle voel dat hulle finansieel gebaat het by hulle studies en 69% het aangedui dat hulle finansiële posisie definitief verbeter het danksy hulle studies. 'n Verdere 12% was onseker en 13% sien dit as 'n bykomende finansiële las. Vir 6% was daar geen merkbare verandering nie.



Grafiek 20 Finansiële implikasies van studies

Studente is ook gevra of hulle glo hulle is in 'n beter finansiële posisie as wat hulle ouers op dieselfde ouderdom was. Byna die helfte (42%) het aangedui dat hulle definitief beter af is, 26% voel hulle is moontlik beter af en 21% was onseker, maar 11% voel dat hulle in 'n slegter finansiële posisie is as wat hulle ouers was.



Grafiek 21 Finansiële posisie van studente en ouers

Studente se selfvertroue in die werkplek

Studente se vlak van gemak van in die werkplek is ook ondersoek. Van hulle het 37% aangedui dat hulle baie gerus voel in die werkplek en 40% het hulself as gemaklik beskryf, terwyl 15% soms onseker voel. Slegs 8% het aangedui dat hulle baie bekommerd is.



Grafiek 22 Vlak van gemak in die werkplek

Daar is verder na die onderskeie studierigtings gekyk om te bepaal watter van hierdie studente die gemaklikste in hulle werkplek voel. Studente wat ambagte deur Sol-Tech studeer het, is die gemaklikste, gevolg deur die wat informatika studeer het, terwyl studente wat regte studeer die ongemaklikste in hulle werkplek is.



Grafiek 23 Vlak van gemak in die werkplek

Die studente is verder gevra of hulle glo hulle studies het hulle loopbane bevorder en 83% was van mening dat dit beslis het. 'n Verdere 11% het aangedui dat hulle vermoed dit het 'n positiewe invloed gehad, 3% was onseker en 3% voel dit het geen invloed op hulle loopbane gehad nie.



Grafiek 24 Die invloed van tersiêre studies op studente se loopbane

Mans teenoor vrouens

Daar is 'n merkbare verskil in salaris van geslagte. Vroue verdien tussen 9% en 10,5% meer as mans. Vrouens se beginsalaris is R10 079 teenoor mans se beginsalaris van R9105 per maand. Verder is die vrouens se huidige salaris R14 543 per maand teenoor mans wat slegs R13 373 verdien.



Grafiek 25 Salarisverskil tussen geslagte (Rand)

Dit is ook nie net salarisse wat verskil nie, maar ook hulle tydperk tot indiensneming. Vrouens kry aansienlik vinniger werk as mans gekry. Vrouens kry binne ‘n maand en ‘n half werk, terwyl mans meer as twee en ‘n halwe maande wag vir indiensneming. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die feit dat vrouens meer gereeld werk kry selfs nog voor hulle klaar studeer het. Tot soveel as 58% van vrouens het reeds werk gehad voor hulle klaar studeer het, terwyl net 45% van mans dieselfde kon sê.



Grafiek 26 Tydperk tot indiensneming vir mans en vrouens

Nog ’n verskil tussen mans en vrouens is hoe gemaklik hulle in die werksplek is. Hoewel beide gemiddeld ewe gemaklik is, is vrouens meer geneig om onseker te voel, terwyl mans meer gerus en gemaklik voel. Volgens die navorsing voel 27% van vrouens ongemaklik, terwyl net 14% van mans dieselfde voel.



Grafiek 27 Vlak van gemak in die werksplek vir mans en vrouens

Die gewildste studierigting vir vroulike studente in dié tydperk was opvoedkunde. Vir mans was ambagsrigtings die gewildste opsie. Van die studente wat 'n ambag gedoen het, was 7% vroulik. Ingenieurswese en informatika is hoofsaaklik deur mans gekies, terwyl vrouens geesteswetenskappe, natuur- en landbouwetenskappe en gesondheidswetenskappe studeer het.



Grafiek 28 Verhouding van mans tot vroue in die onderskeie studierigtings

DIE STUDIELENING

Studente voel gemaklik om tersiêre studies aan te beveel. 94% van studente sal hulle vriende en familie aanraai om verder te studeer. Slegs 6% het aangedui dat hulle nie tersiêre studies by hul geliefdes sal aanbeveel nie.



Grafiek 29 Studente wat tersiêre studies aanbeveel

Studente is ook gevra of hulle voel dit is die moeite werd om 'n studielening uit te neem en 92% was van mening dat dit wel die moeite werd is. 'n Verdere 4% was onseker en 4% het aangedui dat hulle nie voel dit is die moeite werd nie.



Grafiek 30 Studente wat studielenings as 'n goeie opsie beskou

Daar is ook gekyk na die verskillende plekke waar studente aansoek doen om studiehulp. Van die studente het 39% by meer as een instansie aansoek gedoen en 61% slegs by die SFS.

Die instansie waar die meeste studente, (buiten die SFS) aansoek gedoen het, is banke (42%) gevolg deur privaat beurse; 36% het by die staat aansoek gedoen vir beurse of lenings en 16% het ook by die ATKV aansoek gedoen.



Grafiek 31 Instansies waar studente aansoek doen om studiehulp

Die SFS ken gemiddeld R25 000 per student toe en die student of sy/haar borg is vir die res verantwoordelik. Die studente is gevra hoe hulle in staat is om daardie bedrag te betaal. Die meeste (64%) kry finansiële bystand van familielede en 32% kry deeltydse werk, terwyl 33%'n lening by 'n bank of ander amptelike instansie kry en 18% fondse op 'n ander manier inwin.



Grafiek 32 Oorsprong van fondse vir studies

Gevolgtrekking

Studente is oorwegend positief oor sowel die gedagte van tersiêre studies as ’n studielening. Uit die navorsing het dit duidelik geword dat studies ’n positiewe uitwerking gehad het op hulle finansiële posisie en hulle werksekuriteit.

- 68% is beter af as hulle ouers
- 83% meen hulle studies het ’n positiewe effek op hul loopbane
- 77% voel gemaklik in hulle werkplek
- 94% beveel tersiêre studies aan
- 92% voel die studielening was die moeite werd

Die werkloosheidsyfer onder studente met tersiêre opleiding is slegs 7,39%. Studente het gemiddeld binne drie maande werk gekry en hulle gemiddelde beginsalaris was R9 292, maar ten tyde van die navorsing was die gemiddelde salaris R13 772 per maand.

Sommige studierigtings word moeiliker in diens geneem en minder betaal as ander. Studente in die geesteswetenskappe word eers na gemiddeld vyf maande in diens geneem en dit is ook die studierigting met die grootste groep werkloses.

Die gewildste instansie om by te studeer is die Universiteit van Pretoria, gevolg deur Sol-Tech en die Noordwes-Universiteit.

nformatika, Beroeps en Ambagsopleiding, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Gesondheids/Geesteswetenskappe, Ingenieurswese en Opvoedkune blyk van die beste studiertigtings te wees wat indiensbaarheid, salarisgroei en beginsalaris aanbetref.